**4 Augustus**

## Uitsondering vir onvoorsiene omstandighede

**Skrifgedeelte: Eksodus 12:1-28**
**Fokusgedeelte: Numeri 9:11**

Die Here se voorskrifte aan Israel vir sy erediens en feeste in die Ou Testament was baie streng. Oortreders is uit die volk geban. Lees gerus sy instelling van die Pasga (Paasfees) in Egipte: die tyd – die 14de dag van die eerste maand; die offer – 'n bok- of skaaplam, een jaar oud, sonder liggaamsgebrek; die bloed aan hulle deurkosyne – teken van verbygang; die jaarlikse herhaling - om sy verlossing te onthou; ongesuurde brood – want suurdeeg was simbool van sonde (Eks 2:1-28).

En tog het Hy later, in die Sinaïwoestyn, 'n uitsondering toegelaat om verbittering in tevredenheid te omskep. Mense wat in Paastyd aan 'n lyk geraak en dus onrein was, of op 'n ver reis, kry van die Here vergunning om die Paasfees 'n maand later te vier – gedurende die tweede in plaas van die eerste maand (Num 9:1-14).

Die Here is onverbiddelik, maar ook genadig. Daarom maak Hy 'n uitsondering vir mense wat weens onvermydelike omstandighede sy voorskrifte nie kan nakom nie. In die plek van Pasga vier ons vandag Nagmaal. Is ons ook bereid om vir mense in onvoorsiene omstandighede 'n uitsondering te maak? Byvoorbeeld: aparte houertjies druiwesap aan tafel naas die gesamentlike bekers wyn - sodat alkoholiste die fees van bevryding voluit saam kan vier!

*Sing: Psalm 116:7, 10 (1936-beryming)* *Ds. Johan Botha (Laeveld)*